**Onthou om barmhartig te wees**

**Habakuk 3:1-19**

**28 Junie 2026**

1. Vantevore: A.g.v. die onreg in Juda het die Here beloof om die Galdeërs te stuur. In reaksie op Habakuk se besorgdheid dat dit oënskynlik bots met die karakter van die Here as die getroue en heilige Verbondsgod, het die Here aan Habakuk geleer: (1) Die onregverdiges sal wegkwyn, maar die regverdiges sal deur geloof leef, en (2) Teen die einde, wat lank mag neem, sal die aarde gevul wees met die kennis van die heerlikheid van die Here.
2. Habakuk reageer op die Here se antwoord deur te bid (v1)
3. Habakuk sê hy het gehoor van die roem van die Here (v2a) – beide in sy gesprek met die Here in Hab 1-2, en ook in vorige handelinge van die Here, soos beskryf in Hab (3:3-15)
    a. By Sinai (v3-4)
    b. 10 plae in Egipte (v5)
    c. nasies in Kanaän is verdryf (v6)
    d. Kusan en Midian bewe (v7)
    e. Rooisee en Jordaanrivier (v8-9)
    f. son staan stil (v10-11)
    g. Egiptenaars in Rooisee (v12)
4. Drie beginsels in vers 13:
    a. Die Here is die Hoofrolspeler in al hierdie gebeure
    b. Die Here se doel is om Sy volk te red
    c. Die Here se doel is om die goddeloses te ontbloot
5. Habakuk begin verstaan die stuur van die Galdeërs is in lyn met vorige optredes van die Here, en ook in lyn met Sy karakter
6. Die dade van die Here lei tot openbaring van Sy roem wat lei tot ontsag vir Hom (v2a)
    a. Ons leer van Sy dade uit die OT, NT (veral die Here Jesus), wêreld en persoonlike geskiedenis
7. Habakuk bid dat die Here Sy dade sal doen in Habakuk se tyd – dit sluit in dat die Galdeërs sal kom (v2b)
8. Habakuk bid ook dat die Here tog barmhartig sal wees – selfs tydens die koms van die Galdeërs (v2c)
    a. Is ons bereid om te bid dat die Here selfs die Galdeërs sal stuur as Hy dit nodig ag?
9. Habakuk ril, bewe en word lam – want die Galdeërs gaan kom – dit gaan erg wees – selfs al verstaan Habakuk die konstruktiewe doel wat die Here wil bewerk (v16)
10. Habakuk onderneem om selfs in die swaar tye die Here te loof en prys – want Hy verlos (v17-18)
    a. Hoe is dit moontlik? Onthou: Hab 2:4 en Hab 2:14
    b. Vergelyk Heb 10:32-38
11. Implikasie: Om in krisisse te bly staan moet ons 'n ewigheidsperspektief hê
    a. Dit gee ons opgewondenheid oor die toekoms, en maak ons weerbaar wanneer die Galdeërs kom
12. Habakuk sê die Here is sy krag – selfs al moet hy op hoë plekke loop